

7 Junie

Skrifgedeelte: 1 Samuel 5:1-7:2

Die ark word teruggestuur

Toe die Filistyne die ark in die tempel van hulle afgod, Dagon, plaas as bewys dat hulle die God van Israel oorwin het, lê Dagon baie gou in stukke voor die Here (1-5). Daarna tref die Here die Filistyne met ontsettende plaë (6-12). Baie gou besluit hulle om die ark terug te stuur. Maar om seker te maak dat dit regtig God is wat die plaë bewerk, word die ark op 'n wa gelaai wat deur twee koeie met kalwers getrek word. As die koeie die wa trek ondanks hulle bulkende kalwers, sal die Filistyne weet: die God van Israel is magtiger as hulle god Dagon. En so het dit gebeur!

Is dit nie opmerklik nie? Vir die Israeliete op die slagveld het die ark 'n oordeel geword, omdat hulle God wou dwing om hulle te help - ondanks hulle sonde (1 Sam 4). Vir die mense van Bet-Semes het die ark ook 'n oordeel geword, omdat hulle nie eerbied daarvoor gehad het nie (6:19-7:2). Maar vir die Filistyne het die ark redding gebring uit hulle geweldige nood, omdat God aan hulle wou toon dat Hy die lewende God is wat alles beheer, terwyl Dagon maar net 'n mensgemaakte beeld is.

Met die koms van ons Here Jesus Christus het die ark verdwyn, want Hy is ons Ark in Wie die volle wese van God woon (Kol 1:19 en 2:5). En nog steeds is die Ark, Jesus Christus, 'n oordeel vir hulle wat volhard in hulle sonde (Joh 9:39 OAV), en 'n redding vir elkeen wat in Hom glo (Joh 6.47 NAV). Daarom die gewetensvraag: Wat beteken die Ark, Jesus Christus, vir jou?

Sing: Skrifberyming 10:1-6

Dr CJ Malan (Emeritus)